*Donderdag* **26 Februarie**
**Skrifgedeelte: Genesis 4:1-16**
**Fokusgedeelte: Genesis 4:15**
**’n Teken vir Kain**

In die moederbelofte het God vyandskap aangekondig. Vyandskap tussen die saad van Eva en die saad van Satan. Hoe vinnig en hard word Adam en Eva nie deur daardie bitter, dodelike vyandskap getref nie? Die mens het sy vrou Eva beken. Sy word swanger en gee geboorte aan Kain. Eva is dankbaar. *“Ek het ’n man verkry met die hulp van die HERE.”* Eva word weer swanger. Abel word gebore. Abel, die swakkere, die verganklike. Dit is wat sy naam beteken.

Tussen die broers Kain en Abel loop dinge nie reg nie. Albei offer vir die HERE. Die HERE het Abel en sy offer in genade aangesien. Kain en sy offer nie (Heb. 11:4). Kain word kwaad. Kwaad vir God. Vyandskap teen God. Die tweesnydende moederbelofte word werklikheid. Kain haal sy woede op sy Godvresende broer Abel uit. Daar word moord gepleeg.

Net soos wat die HERE sy ouers ter verantwoording geroep het na die sondeval, roep die HERE vir Kain ter verantwoording. Waar is jou broer Abel? Kain se astrante antwoord: Is ek my broer se wagter? Die HERE se oordeel oor Kain se vyandskap en astrantheid: Jy sal vervloek wees, Kain. Die onskuldige bloed van jou broer Abel roep dit uit: Moord! Jy sal boet daarvoor. Jy sal met moeite die grond bewerk. Jy en jou nageslag sal vlugtelinge op die aarde wees. Julle is opgeskryf vir die dood.

Kain vrees vir die HERE se vervloeking. Hy sê dit in soveel woorde: *“Elkeen wat my kry, sal my doodslaan.”* “Maar die HERE sê vir Kain: *“Daarom, as enigeen Kain doodslaan, sal dit sewevoudig gewreek word. En die HERE het ’n teken gegee aan Kain, sodat enigeen wat hom kry, hom nie sou doodslaan nie.”* Wat die teken is wat die HERE vir Kain gee het, word nie bekendgemaak nie. Dit is wel duidelik dat Kain nie van die HERE kan loskom nie. Ook al gaan Kain weg van die aangesig van die HERE, loop die HERE se teken lewenslank saam met hom.

Is dit ’n genadeteken? Alles behalwe. Kain is ’n bose, goddelose verbondsbreker. Hy is bondgenoot van Satan, vyand van God. God se kinders word teen hom gewaarsku (1 Joh. 3:12, Jud. 1:11). Kain en almal wat in sy